

Urgent.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

OFFISIELLE KOERANT

UITGawe OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.



PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Wednesday 26 May 1971

W I N D H O E K

Woensdag 26 Mei 1971

No. 3176

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

DRAFT ORDINANCE:

ONTWERPORDONNANSIE:

Income Tax Amendment Draft Ordinance, 1971	Wysigingsontwerpordonnansie op Inkomstebelasting, 1971	467
--	---	-----

Draft Ordinance

Ontwerpordonnansie

The following Draft Ordinance is published for general information.

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,

Secretary for South West Africa.

J. J. KLOPPER,

Sekretaris van Suidwes-Afrika

Administrator's Office,
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Income Tax Ordinance, 1961, to exempt from normal tax the value of certain uniforms provided to employees or certain allowances made in lieu of such uniforms; to provide that any assessed loss incurred by any taxpayer shall not be taken into account in determining the percentage of dividends to be deducted from the dividend income of such taxpayer; to provide for certain allowances to hotel-keepers; to provide for a normal tax rebate in respect of a portion of the non-resident shareholders' tax paid in respect of certain taxable income from dividends; to amend the provisions relating to the income subject to non-resident shareholders' tax; to deem certain shareholders not to be carrying on business in the Territory; to place certain duties and responsibilities regarding the furnishing of returns and the payment of taxes upon the employers of employees not ordinary resident in the Territory; to provide for a new rate of interest payable in respect of overdue taxes; to provide for the maintenance by the Secretary of one tax account for each taxpayer; to provide for recovery proceedings in respect of certain taxes; to amend the Second Schedule to the Ordinance; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of
section 1 of
Ordinance 10
of 1961, as
amended by
section 1 of
Ordinance 12
of 1962,
section 1 of
Ordinance 17
of 1968, and
section 1 of
Ordinance 17
of 1969.

1. (1) Section 1 of the Income Tax Ordinance, 1961 (Ordinance 10 of 1961), hereinafter referred to as the principal Ordinance, is hereby amended by the insertion after the definition of "executor" of the following definition:

"(v) (b) "hotel-keeper" means any person carrying on the business of hotel-keeper in an hotel as defined in section 11B (1); (ix) (a)".

(2) The amendment effected by subsection (1) shall be deemed to have first taken effect in respect of assessments for the year of assessment which ended on the thirtieth day of June, 1969.

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Inkomstebelastingordonnansie 1961, om die waarde van sekere uniforms wat verskaf word aan werknemers of sekere toelaes wat in plaas van sodanige uniforms toegestaan word, van normale belasting vry te stel; om voorsiening te maak dat enige aangeslange verlies deur 'n belastingpligtige gely, nie in berekening gebring word nie by die vassetting van die persentasie dividende wat van die dividendinkomste van so 'n belastingpligtige afgetrek word; om vir sekere toelaes aan hotelhouers voorsiening te maak; om vir 'n korting op normale belasting voorsiening te maak ten opsigte van 'n gedeelte van die belasting op buitenlandse aandeelhouers wat betaal is ten opsigte van sekere belasbare inkomste uit dividende; om die bepalings met betrekking tot die inkomste onderhewig aan belasting op buitenlandse aandeelhouers te wysig; om sekere aandeelhouers te ag nie in die Gebied besigheid te dryf nie; om die werkgewers van werknemers wat nie gewoonlik in die Gebied woonagtig is nie sekere pligte en verantwoordelikhede op te lê met betrekking tot die verstrekking van opgawes en die betaling van belastings; om vir 'n nuwe rentetarief wat betaalbaar is op uitsluitende belastings voorsiening te maak; om voorsiening te maak dat die Sekretaris 'n enkele belastingrekening vir elke belastingpligtige kan hou; om vir invorderingsprosedures ten opsigte van sekere belastings voorsiening te maak; om die Tweede Bylae by die Ordonnansie te wysig; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suid-wes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

1.(1) Artikel 1 van die Inkomstebelastingordonnansie 1961 (Ordonnansie 10 van 1961), hieronder die Hoofordonnansie genoem, word hierby gewysig deur die invoeging na die woordbepaling van „hierdie ordonnansie” van die volgende woordbepaling:

“(ix)(a) beteken „hotelhouer” iemand wat die besigheid van hotelhouer dryf in 'n hotel soos om-skryf in artikel 11B(1); (v)(b)”.

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 10 van 1961 soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 12 van 1962, artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1968 en artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1969.

(2) Die wysiging deur subartikel (1) aangebring word geag vir die eerste maal in werking te getree het ten opsigte van aanslae vir die jaar van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1969 geëindig het.

Amendment of section 10 of Ordinance 10 of 1961, as amended by section 5 of Ordinance 12 of 1962, section 17 of Ordinance 12 of 1962, section 3 of Ordinance 21 of 1965, section 2 of Ordinance 23 of 1967, section 4 of Ordinance 17 of 1969 and section 4 of Ordinance 10 of 1970.

Amendment of section 11 of Ordinance 10 of 1961, as amended by section 6 of Ordinance 12 of 1962, section 4 of Ordinance 21 of 1965, section 3 of Ordinance 23 of 1967 and section 5 of Ordinance 10 of 1970.

2. Section 10 (1) of the principal Ordinance is hereby amended by the addition in subsection (1) of the following paragraph:

"(n) where an employee is as a condition of his employment required while on duty to wear a special uniform which is clearly distinguishable from ordinary clothing, the value of any such uniform given to the employee by his employer, or so much of any allowance made by the employer to the employee in lieu of any such uniform as the Secretary considers reasonable.”.

3. (1) Section 11 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (e) of subsection (2) of the following paragraph:

"(e) save as provided in paragraph 12 (2) of the Second Schedule, such sum as the Secretary may think just and reasonable as representing the amount by which the value of any machinery, implements, utensils and articles used by the taxpayer for the purpose of his trade has been diminished by reason of wear and tear during the year of assessment:

Provided that —

(i) where a deduction has been allowed under paragraph (d), the Secretary shall take into consideration the sum allowed under that paragraph in determining the sum to be allowed under this paragraph;

(ii) in no case shall any allowance be made for the depreciation of buildings or other structures or works of a permanent nature;

(iii) the value of any machinery, implements, utensils or articles used by the taxpayer for the purposes of his trade as hotel-keeper shall be increased by the amount of any expenditure (other than expenditure referred to in paragraph (a)) which is provided to the satisfaction of the Secretary to have been incurred by the taxpayer in moving such machinery, implements, utensils or articles from one location to another;

(iv) the value of any machinery, implements, utensils or articles used by the taxpayer for the purposes of his trade as hotel-keeper shall be reduced by the amount of any deduction made under section 11B (2);”;

(b) by the substitution for paragraph (l) of the said subsection of the following paragraph:—

"(l) save as provided in paragraph 12 (2) of the Second Schedule, an allowance in respect of the portion of any building or improvements referred to in section 11C (1) or of any machinery, implements, utensils or articles used by the taxpayer for the purposes of his trade which have been scrapped by the taxpayer

2. Artikel 10(1) van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by te voeg:

“(n) waar 'n werknemer volgens sy diensvoorwaardes 'n spesiale uniform wat duidelik van gewone klere onderskeibaar is, moet dra terwyl hy diens doen, die waarde van so 'n uniform aan die werknemer deur sy werkgewer gegee, of soveel van 'n toelae deur die werkgewer aan die werknemer toegestaan in plaas van so 'n uniform as wat die Sekretaris redelik ag.”.

Wysiging van artikel 10 van Ordonnansie 10 van 1961 soos gewysig by artikel 5 van Ordonnansie 12 van 1962, artikel 17 van Ordonnansie 12 van 1962, artikel 3 van Ordonnansie 21 van 1965, artikel 2 van Ordonnansie 23 van 1967, artikel 4 van Ordonnansie 17 van 1969 en artikel 4 van Ordonnansie 10 van 1970.

3.(1) Artikel 11 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (e) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(e) behoudens die bepalings van paragraaf 12(2) van die Tweede Bylae, so 'n bedrag as wat volgens die Sekretaris se oordeel billikerwys en redelikerwys die bedrag voorstel waarmee die waarde van masjinerie, gereedskap, werktuie en artikels deur die belastingpligtige vir die doeleindes van sy bedryf gebruik, verminder is ten gevolge van slytasie gedurende die jaar van aanslag:

Met dien verstande dat —

(i) waar 'n aftrekking ingevolge paragraaf (d) toegestaan is, die Sekretaris die ingevolge daardie paragraaf toegestane bedrag in aanmerking moet neem by die vasstelling van die bedrag ingevolge hierdie paragraaf toegestaan te word;

(ii) daar in geen geval 'n vermindering toegestaan word op grond van die waardevermindering van geboue of ander bouwerke of werke van 'n permanente aard nie;

(iii) die waarde van masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels wat deur die belastingpligtige vir die doeleindes van sy bedryf as hotelhouer gebruik word, vermeerder word met die bedrag van enige onkoste (behalwe onkoste in paragraaf (a) bedoel) ten opsigte waarvan daar tot bevrediging van die Sekretaris bewys gelewer is dat dit deur die belastingpligtige aangegaan is in verband met die verskuiwing van bedoelde masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels van een plek na 'n ander;

(iv) die waarde van masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels wat deur die belastingpligtige vir die doeleindes van sy bedryf gebruik word, verminder word met die bedrag van enige aftrekking gemaak ingevolge artikel 11B(2);”;

(b) deur paragraaf (1) van genoemde subartikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(1) behoudens die bepalings van paragraaf 12(2) van die Tweede Bylae, 'n vermindering ten opsigte van die gedeelte van 'n gebou of verbeterings in artikel 11C(1) bedoel of van masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels deur die belastingpligtige gebruik vir die doeleindes van sy bedryf, wat gedurende die jaar van

Wysiging van artikel 11 van Ordonnansie 10 van 1961 soos gewysig by artikel 6 van Ordonnansie 12 van 1962, artikel 4 van Ordonnansie 21 van 1965, artikel 3 van Ordonnansie 23 van 1967 en artikel 5 van Ordonnansie 10 van 1970.

during the year of assessment, such allowance to be the excess of the original cost to such taxpayer of such portion of such building or improvements or of such machinery, implements, utensils or articles over the total amount arrived at by adding all the allowances made in respect thereof under the provisions of paragraph (e) of this section, or section 11B (2), or section 11C (1), (2) or (3), or the corresponding provisions of any previous Income Tax Ordinance, to any amount or the value of any advantage accruing to the taxpayer in respect of the sale or other disposal of such portion of such building or improvements, or of such machinery, implements, utensils or articles: Provided that —

- (i) no allowance shall be made in the case of any such portion of any such building or improvements which has been scrapped within a period of ten years from the date of erection or purchase;
- (ii) for the purposes of this paragraph the cost of any such portion of any such building or improvements shall be deemed to be that portion of the actual cost on which the allowance in question was made;
- (iii) for the purposes of this paragraph the cost of any machinery, implements, utensils or articles shall be deemed to be the actual cost plus the amount by which the value of such machinery, implements, utensils or articles has been increased in terms of paragraph (iii) of the proviso to paragraph (e) and less the amount by which such value has been reduced in terms of paragraph (iv) of the said proviso;”;
- (c) by the substitution in paragraph (c) of subsection (3A) for the expression “this paragraph and paragraph (b)” of the expression “this paragraph, paragraph (b) and subsection (3)”; and
- (d) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) There shall be included in the taxpayer's income all amounts allowed to be deducted or set-off under the provisions of subsections (2) (except paragraph (n) thereof), (3) and (3A), or section 11B (except subsection (3) thereof), or section 11C (except subsection (7) thereof), or under the corresponding provisions of any previous Income Tax Ordinance, whether in the current or any previous year of assessment, which have been recovered or recouped during the current year of assessment.”.
- (2) The amendments effected by subsection (1) (a), (b) and (d) shall be deemed to have first taken effect in respect of assessments for the year of assessment ended on the thirtieth day of June, 1969 and the amendment effected by subsection (1) (c) shall be deemed to have first taken effect in respect of assessments for the year of assessment ended on the thirtieth day of June, 1970.

aanslag deur die belastingpligtige as uitgedien onttrek is, te wete, 'n vermindering gelyk aan die bedrag wat die oorspronklike koste aan die belastingpligtige van bedoelde gedeelte van bedoelde gebou of verbeterings of van bedoelde masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels meer is as die totale bedrag verkry deur al die verminderings ingevolge die bepalings van paragraaf (e) van hierdie artikel, of artikel 11B(2), of artikel 11C(1), (2) of (3), of die ooreenstemmende bepalings van 'n vorige Inkomstebelastingordonnansie ten opsigte daarvan toegestaan, te voeg by enige bedrag of die waarde van enige voordeel wat aan die belastingpligtige toeval ten opsigte van die verkoop van of ander beskikking oor bedoelde gedeelte van bedoelde gebou of verbeterings of van sodanige masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels: Met dien verstande dat —

- (i) geen vermindering toegelaat word nie in die geval van sodanige gedeelte van so 'n gebou of verbeterings wat as uitgedien onttrek is binne 'n tydperk van tien jaar vanaf die datum van oprigting of aankoop;
- (ii) by die toepassing van hierdie paragraaf die koste van sodanige gedeelte van so 'n gebou of verbeterings geag word daardie gedeelte van die werklike koste te wees waarop die betrokke vermindering gemaak is;
- (iii) by die toepassing van hierdie paragraaf die koste van enige masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels geag word die werklike koste te wees plus die bedrag waarmee die waarde van sodanige masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels ingevolge paragraaf (iii) van die voorbehoudsbepaling by paragraaf (e) vermeerder is, en min die bedrag waarmee bedoelde waarde ingevolge paragraaf (iv) van genoemde voorbehoudsbepaling verminder is;";
- (c) deur in paragraaf (c) van subartikel (3A) die uitdrukking „hierdie paragraaf en paragraaf (b)” deur die uitdrukking „hierdie paragraaf, paragraaf (b) en subartikel (3)” te vervang; en
- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) By die belastingpligtige se inkomste word ingerekken alle bedrae wat ingevolge die bepalings van subartikels (2) (behalwe paragraaf (n) daarvan), (3) en (3A), of artikel 11B (behalwe subartikel (3) daarvan), of artikel 11C (behalwe subartikel (7) daarvan), of ingevolge die ooreenstemmende bepalings van 'n vorige Inkomstebelastingordonnansie toegelaat is, hetsy in die lopende of 'n vorige jaar van aanslag, om afgetrek of verreken te word, en gedurende die lopende jaar van aanslag verhaal of vergoed is.”.

(2) Die wysigings by subartikel (1)(a), (b) en (d) aangebring word geag vir die eerste maal in werking te getree het ten opsigte van aanslae vir die jaar van aanslag geeindig op die dertigste dag van Junie 1969 en die wysiging by subartikel (1)(C) aangebring word geag vir die eerste maal in werking te getree het ten opsigte van aanslae vir die jaar van aanslag geeindig op die dertigste dag van Junie 1970.

**Insertion of sections 11B and 11C in
Ordinance 10
of 1961.**

4. (1) The following sections are hereby inserted in the principal Ordinance after section 11A:—

**"Deductions in
respect of
hotel equipment.**

11B. (1) For the purposes of this section —

"hotel" means any hotel which during the year of assessment is registered as an hotel in accordance with the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967);

"hotel equipment" means machinery, implements, utensils or articles used in an hotel but does not include vehicles or equipment for offices or for managers' or servants' rooms.

(2) In respect of new or unused hotel equipment —

(a) which is brought into use on or after the first day of January, 1969 by any taxpayer for the purposes of his trade as hotel-keeper; or

(b) which is first let by any taxpayer on or after the first day of January, 1969 and is brought into use by the lessee for the purposes of the lessee's trade as hotel-keeper,

there shall be allowed to be deducted from the income of such taxpayer for the year of assessment during which such hotel equipment is so brought into use, an allowance equal to fifteen per cent of the cost (as determined to the satisfaction of the Secretary) to the taxpayer of such hotel equipment: Provided that if such equipment does not qualify for the allowance solely by reason of the fact that the hotel in question was not registered as aforesaid during the relevant year of assessment, the allowance may be granted for the first succeeding year of assessment during which such hotel is so registered, provided such hotel becomes so registered within the period ending on the thirty-first day of December, 1971, or the period ending twelve months after the date of the bringing into use of such equipment, whichever period ends later.

(3) There shall further be allowed to be deducted from the income of any taxpayer in respect of new or unused hotel equipment —

(a) which is brought into use on or after the first day of January, 1969, by the taxpayer in any hotel in which the taxpayer carries on the trade of hotel-keeper; or

(b) which is first let by the taxpayer on or after the first day of January, 1969, and is brought into use by the lessee in any hotel in which the lessee carries on the trade of hotel-keeper,

an allowance, to be known as the hotel equipment investment allowance, for the year of assessment during which such equipment is so brought into use, equal to twenty per cent of the cost (as determined to the satisfaction of the Secretary) to the taxpayer of

4.(1) Die volgende artikels word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 11A ingevoeg:

'Aftekings ten opsigte van hoteltoerusting.'

11B.(1) By die toepassing van hierdie artikel —

beteken „hotel” enige hotel wat gedurende die jaar van aanslag ooreenkomsdig die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967) as 'n hotel geregistreer is;

beteken „hoteltoerusting” masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels wat in 'n hotel gebruik word maar nie ook voertuie of uitrusting van kantore of van kamers vir bestuurders of dienaars nie.

(2) Ten opsigte van nuwe of ongebruikte hoteltoerusting —

(a) wat op of na die eerste dag van Januarie 1969 deur 'n belastingpligtige vir die doeleindes van sy bedryf as hotelhouer in gebruik geneem word; of

(b) wat vir die eerste maal op of na die eerste dag van Januarie 1969 deur 'n belastingpligtige verhuur word en deur die huurder vir doeleindes van die huurder se bedryf as hotelhouer in gebruik geneem word,

word daar vir die jaar van aanslag waartydens dié hoteltoerusting aldus in gebruik geneem word, aan die belastingpligtige 'n vermindering op sy inkomste gelyk aan vyftien persent van die koste (soos tot bevrediging van die Sekretaris vasgestel) vir die belastingpligtige van dié hoteltoerusting toegelaat: Met dien verstande dat indien bedoelde toerusting nie vir die vermindering in aanmerking kom nie slegs uit hoofde van die feit dat die betrokke hotel nie gedurende die betrokke jaar van aanslag soos voormeld geregistreer was nie, die vermindering toegelaat kan word vir die eerste daaropvolgende jaar van aanslag waartydens die hotel aldus geregistreer word, mits bedoelde hotel aldus geregistreer word binne die tydperk eindigende op die een-en-dertigste dag van Desember 1971 of die tydperk eindigende twaalf maande na die datum van die ingebruikneming van bedoelde toerusting, watter tydperk ook al laaste eindig.

(3) Bowendien word ten opsigte van nuwe of ongebruikte hoteltoerusting —

(a) wat op of na die eerste dag van Januarie 1969 deur 'n belastingpligtige in gebruik geneem word in 'n hotel waarin die belastingpligtige die bedryf van hotelhouer beoefen; of

(b) wat vir die eerste maal op of na die eerste dag van Januarie 1969 deur die belastingpligtige verhuur word en deur die huurder in gebruik geneem word in 'n hotel waarin die huurder die bedryf van hotelhouer beoefen,

'n vermindering op die inkomste van die belastingpligtige (genoem die „hoteltoerusting-beleggingsvermindering”) vir die jaar van aanslag waartydens bedoelde toerusting aldus in gebruik geneem word, gelyk aan twintig persent van die koste (soos tot bevredig-

Invoeging van
artikels 11B
en 11C in
Ordonnansie 10
van 1961.

such equipment: Provided that if such equipment does not qualify for the allowance solely by reason of the fact that the hotel in question was not registered as aforesaid during the relevant year of assessment, the allowance may be granted for the first succeeding year of assessment during which such hotel is so registered, provided such hotel becomes so registered within the period ending on the thirty-first day of December, 1971, or the period ending twelve months after the date of the bringing into use of such equipment, whichever period ends later.

Deductions in
respect of
buildings used
by hotelkeep-
ers.

11C. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in paragraph (ii) of the proviso to section 11 (2) (e), there shall be allowed to be deducted from the income of any taxpayer for the year of assessment, an allowance equal to two per cent of the cost (after the set-off of any amount as provided in subsection (6)) to the taxpayer of such portion —

- (a) of any building the erection of which was commenced by the taxpayer on or after the first day of January, 1969; or
- (b) of any improvements (other than repairs) to any building commenced on or after the first day of January, 1969,

as the Secretary is satisfied was during the year of assessment in question used by the taxpayer for the purposes of his trade as hotel-keeper or was during the year of assessment in question let by the taxpayer and used by the lessee for the purposes of the lessee's trade as hotel-keeper: Provided that no allowance shall be made under this subsection in respect of such portion of the cost of any such portion of such building or improvements as has been taken into account in the calculation of any allowance to the taxpayer under section 11 (2) (g), whether in the current or any previous year of assessment.

(2) In addition to any allowance under subsection (1), there shall be allowed to be deducted from the income of the taxpayer an allowance in respect of the cost (after the set-off of any amount as provided in subsection (6)) of any portion of any building or improvements referred to in subsection (1), provided the hotel in question was on the last day of the year of assessment graded in accordance with the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967): Provided that no allowance shall be made under this subsection in respect of such portion of such cost as has been taken into account in the calculation of any allowance to the taxpayer under section 11 (2) (g), whether in the current or any previous year of assessment.

ing van die Sekretaris vasgestel) vir die belastingpligtige van bedoelde toerusting toegelaat: Met dien verstande dat indien bedoelde toerusting nie vir die vermindering in aanmerking kom nie slegs uit hoofde van die feit dat die betrokke hotel nie gedurende die betrokke jaar van aanslag soos voormeld geregistreer was nie, die vermindering toegelaat kan word vir die eerste daaropvolgende jaar van aanslag waartydens die hotel aldus geregistreer word, mits bedoelde hotel aldus geregistreer word binne die tydperk eindigende op die een-en-dertigste dag van Desember 1971 of die tydperk eindigende twaalf maande na die datum van die ingebriukneming van bedoelde toerusting, watter tydperk ook al laaste eindig.

Aftrekking ten opsigte van geboue deur hotelhouers gebruik.

11C.(1) Ondanks andersluidende bepalings in paragraaf (ii) van die voorbehoudsbepaling by artikel 11(2)(e) vervat, word daar as 'n aftrekking van die inkomste van 'n belastingpligtige vir die jaar van aanslag 'n vermindering toegestaan gelyk aan twee persent van die koste (na verrekening van enige bedrag volgens voorskrif van subartikel (6) vir die belastingpligtige van sodanige gedeelte —

- (a) van 'n gebou waarvan die oprigting deur die belastingpligtige op of na die eerste dag van Januarie 1969 begin is; of
- (b) van enige verbeterings (behalwe herstelwerk) wat op of na die eerste dag van Januarie 1969 aan 'n gebou begin is,

wat volgens oortuiging van die Sekretaris gedurende die betrokke jaar van aanslag deur die belastingpligtige vir doeleindes van sy bedryf van hotelhouer gebruik is of gedurende die betrokke jaar van aanslag deur die belastingpligtige verhuur is en deur die huurder vir doeleindes van die huurder se bedryf van hotelhouer gebruik is: Met dien verstande dat geen vermindering ingevolge hierdie subartikel gemaak word nie ten opsigte van sodanige gedeelte van die koste van enige sodanige gedeelte van sodanige gebou of verbeterings wat by die berekening van 'n vermindering aan die belastingpligtige ingevolge artikel 11(2)(g) in aanmerking geneem is, hetsy in die lopende of 'n vorige jaar van aanslag.

(2) Benewens enige vermindering ingevolge subartikel (1), word daar as 'n aftrekking van die inkomste van die belastingpligtige 'n vermindering toegestaan ten opsigte van die koste (na verrekening van enige bedrag volgens voorskrif van subartikel (6)) van enige gedeelte van 'n gebou of verbeterings in subartikel (1) bedoel, mits die betrokke hotel op die laatste dag van die jaar van aanslag ooreenkomsdig die Ordonmansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967) gegradeer is: Met dien verstande dat geen vermindering ingevolge hierdie subartikel gemaak word nie ten opsigte van sodanige gedeelte van bedoelde koste wat by die berekening van 'n vermindering aan die belastingpligtige ingevolge artikel 11(2)(g) in aanmerking geneem is, hetsy in die lopende of 'n vorige jaar van aanslag.

(3) The allowance under subsection (2) in respect of the cost (as reduced in terms of that subsection) of any portion of any building or improvements shall be such percentage of such cost as may be fixed by the Administrator by regulation under subsection (4) for the grade of hotel which is, in terms of a determination made in accordance with the provisions of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967, applicable in respect of the hotel in question on the last day of the year of assessment: Provided that where such hotel is graded in accordance with the said Ordinance for the first time during any year of assessment (hereinafter referred to as the subsequent year) subsequent to any year of assessment (hereinafter referred to as the earlier year) during which such portion of such building or improvements was used in carrying on the trade of hotel-keeper, and the taxpayer is entitled to the said allowance in respect of the subsequent year, the allowance for the subsequent year (as determined in accordance with the said regulation) shall, if —

- (a) such portion of such building or improvements is completed not later than the thirty-first day of December, 1972; and
- (b) where such hotel was not during the earlier year registered in accordance with the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967, it became so registered during the period ending on the thirty-first day of December, 1972, or the period of twelve months reckoned from the date of completion of such portion of such building or improvements, as the case may be, whichever period ends later,

be increased by an amount equal to the allowance to which the taxpayer would have been entitled under the said regulation in respect of the said cost if such regulation had at all relevant times been in force and the grading of such hotel in accordance with the said Ordinance which was applicable on the last day of the subsequent year had also applied on the last day of the earlier year.

(4) The Administrator may make regulations prescribing the rates of the allowances under subsection (2) in respect of the various grades of hotels determined under the provisions of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967, and may in such regulations prescribe rates which vary according to the grade of hotel or the year of assessment for which any such allowance may be made: Provided that any rate so prescribed in respect of any year of assessment in respect of any grade of hotel shall not exceed eight per cent of the cost or portion thereof on which the relevant allowance is to be calculated.

(5) The aggregate of the allowances under the preceding provisions of this sec-

(3) Die vermindering ingevolge subartikel (2) ten opsigte van die koste (soos volgens voorskrif van daardie subartikel verminder) van enige gedeelte van 'n gebou of verbeterings is die persentasie van daardie koste wat deur die Administrateur by regulasie ingevolge subartikel (4) bepaal is vir die graad van hotel wat, ingevolge 'n vasstelling gemaak ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967, ten opsigte van die betrokke hotel op die laaste dag van die jaar van aanslag van toepassing is: Met dien verstande dat waar bedoelde hotel vir die eerste maal ooreenkomstig genoemde Ordonnansie gegradeer is gedurende 'n jaar van aanslag (hieronder die later jaar genoem) wat op 'n jaar van aanslag (hieronder die vroeër jaar genoem) volg waarin die bedoelde gedeelte van bedoelde gebou of verbeterings by die beoefening van die bedryf van hotelhouer gebruik is, en die belastingpligtige op bedoelde vermindering ten opsigte van die later jaar geregtig is, die vermindering vir die later jaar (soos volgens bedoelde regulasie vasgestel) verhoog word, indien —

- (a) die bedoelde gedeelte van bedoelde gebou of verbeterings nie later nie as die een-en-dertigste dag van Desember 1972 voltooi word; en
- (b) waar bedoelde hotel nie gedurende die vroeër jaar ooreenkomstig die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 geregistreer is nie, dit aldus geregistreer geword het gedurende die tydperk eindigende op die een-en-dertigste dag van Desember 1972 of die tydperk van twaalf maande gereken vanaf die datum van voltooiing van die bedoelde gedeelte van bedoelde gebou of verbeterings, na gelang van die geval, watter tydperk ook al laaste eindig,

met 'n bedrag gelyk aan die vermindering waarop die belastingpligtige ingevolge bedoelde regulasie ten opsigte van bedoelde koste geregtig sou gewees het indien bedoelde regulasie te alle ter sake dienende tye van krag gewees het en die gradering van bedoelde hotel ooreenkomstig die genoemde Ordonnansie wat op die laaste dag van die later jaar van toepassing was, ook op die laaste dag van die vroeër jaar van toepassing gewees het.

(4) Die Administrateur kan regulasies uitvaardig wat die skale voorskryf vir die verminderingings ingevolge subartikel (2) ten opsigte van die verskeie grade van hotelle wat ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 bepaal is, en kan in bedoelde regulasies skale voorskryf wat volgens die graad van hotel of die jaar van aanslag waarvoor so 'n vermindering gemaak kan word, wissel: Met dien verstande dat 'n skaal aldus voorgeskryf ten opsigte van 'n jaar van aanslag ten opsigte van enige graad van hotel nie agt persent van die koste of gedeelte daarvan waarop die toepaslike vermindering bereken moet word, te bowe gaan nie.

(5) Die totaal van die verminderingings ingevolge die voorgaande bepalings van hier-

tion in respect of the cost of any portion of any building or improvements shall not exceed such cost or, if such allowances have been calculated on a portion of such cost, such portion.

(6) If in any year of assessment there falls to be included in a taxpayer's income in terms of section 11 (5) an amount which has been recovered or recouped in respect of any allowance made under the preceding provisions of this section in respect of any portion of any building or improvements, so much of the amount so recovered or recouped as is set off against the cost of a further portion of a building as hereinafter provided shall, notwithstanding the provisions of the said subsection, at the option of the taxpayer to be notified by him in writing to the Secretary when submitting his return of income for the year of assessment during which the recovery or recoupment occurred, and provided he erects within twelve months or such further period as the Secretary may allow from the date on which the event giving rise to the recovery or recoupment occurred, any other building in respect of the cost of any portion of which an allowance is made under the preceding provisions of this section, not be included in his income for such year of assessment, but shall be set off against so much of the cost to him of the portion of such further building erected by him as remains after the deduction of any portion of such cost in respect of which an allowance has been granted to the taxpayer under section 11 (2) (g), whether in the current or any previous year of assessment.

(7) In addition to the deductions provided for in the preceding provisions of this section there shall be allowed to be deducted from the income of any taxpayer for the relevant year of assessment referred to in subsection (8), an allowance, to be known as the hotel building investment allowance, in respect of the cost to the taxpayer of any portion of any building or improvements (other than repairs) referred to in subsection (1): Provided that the said allowance shall not be made in respect of any portion of the cost of any building or improvements on premises not owned by the taxpayer, unless the taxpayer at the date on which the erection of such building or the introduction of such improvements commenced, is entitled to the occupation of such premises for a period ending not less than ten years after such date.

(8) The hotel building investment allowance shall be a sum equal to ten per cent of the relevant cost referred to in subsection (7) and shall be allowed for the year of assessment during which —

(a) in the case of a portion of a building, such portion was first used by the taxpayer or the lessee, as the case

die artikel ten opsigte van die koste van enige gedeelte van 'n gebou of verbeterings gaan nie bedoelde koste of, indien bedoelde vermindering op 'n gedeelte van bedoelde koste bereken is, bedoelde gedeelte, te bowe nie.

(6) Indien daar in 'n jaar van aanslag ingevolge artikel 11(5) 'n bedrag by 'n belastingpligtige se inkomste ingerekken moet word wat verhaal of vergoed is ten opsigte van 'n vermindering toegestaan ingevolge die voorgaande bepalings van hierdie artikel ten opsigte van enige gedeelte van 'n gebou of verbeterings, word so 'n gedeelte van die bedrag aldus verhaal of vergoed as wat in verrekening gebring word teen die koste van 'n gedeelte van 'n verdere gebou soos hieronder bepaal, ondanks die bepalings van bedoelde subartikel, na keuse van die belastingpligtige, waarvan hy die Sekretaris skriftelik in kennis moet stel wanneer hy sy opgawe van inkomste indien vir die jaar van aanslag waartydens die verhaal of vergoeding plaasgevind het, mits hy binne twaalf maande of sodanige verdere tydperk as wat die Sekretaris toestaan vanaf die datum waarop die voorval plaasgevind het wat tot die verhaal of vergoeding aanleiding gee, 'n ander gebou ten opsigte van enige gedeelte van die koste waarvan 'n vermindering ingevolge die voorgaande bepalings van hierdie artikel toegestaan word, oprig, nie by sy inkomste vir sodanige jaar van aanslag ingerekken nie, maar word dit in verrekening gebring teen soveel van die koste vir hom van die gedeelte van sodanige verdere gebou deur hom opgerig as wat oorbly na aftrekking van enige gedeelte van bedoelde koste ten opsigte waarvan 'n vermindering ingevolge artikel 11(2)(g) aan die belastingpligtige toegestaan is, hetsy in die lopende of 'n vorige jaar van aanslag.

(7) Benewens die aftrekkings waarvoor in die voorgaande bepalings van hierdie artikel voorsiening gemaak word, word as 'n aftrekking van die inkomste van 'n belastingpligtige vir die betrokke jaar van aanslag in subartikel (8) bedoel, 'n vermindering toegeblaat wat as die hotelgeboubeleggingsvermindering bekend staan, ten opsigte van die koste vir die belastingpligtige van enige gedeelte van 'n gebou of verbeterings (behalwe herstelwerk) in subartikel (1) bedoel: Met dien verstande dat bedoelde vermindering nie toegestaan word nie ten opsigte van enige gedeelte van die koste van 'n gebou of verbeterings op 'n perseel wat nie aan die belastingpligtige behoort nie, tensy die belastingpligtige op die datum waarop die oprigting van sodanige gebou of die aanbring van sodanige verbeterings 'n aanvang geneem het, op die okkupasie van sodanige perseel vir 'n tydperk eindigende nie minder nie as tien jaar na bedoelde datum geregtig is.

(8) Die hotelgeboubeleggingsvermindering is 'n bedrag gelyk aan tien persent van die toepaslike koste bedoel in subartikel (7) en word toegelaat vir die jaar van aanslag waartydens —

- (a) in die geval van 'n gedeelte van 'n gebou, sodanige gedeelte vir die eerste maal deur die belastingpligtige of die

may be, for the purpose of carrying on therein his trade of hotel-keeper; or

(b) in the case of a portion of any improvements, such portion of the improvements was completed.”.

(2) The amendments effected by subsection (1) shall be deemed to have first taken effect in respect of assessments for the year of assessment ended on the thirtieth day of June, 1969.

Insertion of section 13B in Ordinance 10 of 1961.

5. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 13A:

“Rebate in respect of non-resident shareholders’ tax.”

13B. There shall be deducted from the normal tax payable by any person in whose income there is included any dividend in respect of which non-resident shareholders’ tax has been paid in terms of this Ordinance, so much of the normal tax as the Secretary determines to be attributable to the inclusion in such person’s taxable income of taxable income from such dividend.”.

Amendment of section 38 of Ordinance 10 of 1961.

6. (1) Section 38 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the expression “the non-resident shareholders’ income tax” of the expression “the non-resident shareholders’ tax”.

(2) The amendments effected by subsection (1) shall be deemed to have first taken effect on the first day of July, 1961.

Substitution of section 39 of Ordinance 10 of 1961, as substituted by section 6 of Ordinance 17 of 1969 and amended by section 12 of Ordinance 10 of 1970.

7. (1) The following section is hereby substituted for section 39 of the principal Ordinance:

“Income subject to tax.”

39. (1) The non-resident shareholders’ tax shall be paid in respect of the amount of —

- (a) any dividend (excluding such portion thereof as consists of an interim dividend) which has been declared by any company after the thirtieth day of June, 1968; and
- (b) any interim dividend the payment of which has been approved after that date by the directors of any company or by some other person or persons under authority conferred by the memorandum and articles of association of that company,

if the shareholder to whom the dividend or interim dividend has been paid or is payable is —

- (i) a person, other than a company, not ordinarily resident nor carrying on business in the Territory; or
- (ii) a deceased estate referred to in section 10 (1) (j) (ii) and such dividend is in terms of that section exempt from normal tax; or
- (iii) a company not managed nor controlled in the Territory and not carrying on business in the Territory; or

huurder, na gelang van die geval, vir die beoefening daarin van sy bedryf van hotelhouer gebruik is; of

- (b) in die geval van 'n gedeelte van enige verbeterings, sodanige gedeelte van die verbeterings voltooi is.”.

(2) Die wysigings by subartikel (1) aanbring word geag vir die eerste maal in werking te getree het ten opsigte van aanslae vir die jaar van aanslag geëindig op die dertigste dag van Junie 1969.

5. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 13A ingevoeg:

“Korting ten opsigte van belasting op buitelandse aandeelhouers.

13.B Van die normale belasting wat betaalbaar is deur enige persoon by wie se inkomste enige dividend ten opsigte waarvan belasting op buitelandse aandeelhouers ingevolge hierdie Ordonnansie betaal is, ingerekken is, word soveel van die normale belasting afgetrek soos die Sekretaris bepaal toeskryfbaar te wees aan die insluiting by die belasbare inkomste van bedoelde persoon van belasbare inkomste uit bedoelde dividend.”.

Invoeging van artikel 13B in Ordonnansie 10 van 1961.

6.(1) Artikel 38 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die uitdrukking “die inkomstebelasting op buitelandse aandeelhouers” deur die uitdrukking “die belasting op buitelandse aandeelhouers” te vervang.

Wysiging van artikel 38 van Ordonnansie 10 van 1961.

(2) Die wysigings by subartikel (1) aangebring word geag vir die eerste maal in werking te getree het op die eerste dag van Julie 1961.

7.(1) Artikel 39 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Inkomste aan belasting onderhewig.

39.(1) Die belasting op buitelandse aandeelhouers word betaal ten opsigte van die bedrag van —

Vervanging van artikel 39 van Ordonnansie 10 van 1961 soos vervang by artikel 6 van Ordonnansie 17 van 1969 en gewysig by artikel 12 van Ordonnansie 10 van 1970.

(a) 'n dividend (met uitsluiting van dié gedeelte daarvan wat uit 'n tussentydse dividend bestaan) na die dertigste dag van Junie 1968 deur 'n maatskappy verklaar; en

(b) 'n tussentydse dividend waarvan die betaling na daardie datum goedgekeur is deur die direkteure van 'n maatskappy of deur iemand anders uit hoofde van magtiging deur die akte van oprigting en statute van dié maatskappy verleent,

indien die aandeelhouer aan wie die dividend of tussentydse dividend betaal of betaalbaar is —

(i) iemand anders as 'n maatskappy is wat nie gewoonlik in die Gebied woonagtig is of daarin besigheid dryf nie; of

(ii) 'n in artikel 10(1)(j)(ii) bedoelde bestorwe boedel is en sodanige dividend ingevolge daardie artikel van normale belasting vrygestel is; of

(iii) 'n maaskappy is wat nog bestuur nog beheer word in die Gebied en nie in die Gebied besigheid dryf nie; of

(iv) the holder of bearer scrip, irrespective of whether he is resident within or outside the Territory,

and was a shareholder as at the date of declaration of the dividend, or if some date other than the date of declaration of the dividend is specified as the date at which a shareholder is required to be registered to be entitled to the dividend, as at such other date.

